HOËRSKOOL
TYGERBERG
HIGH SCHOOL

SBL-Kandidaat / SGB Candidate: Nico van der Colff

Huidige werksomgewing / Current work environment

Ek is Groepsaktuaris by Old Mutual, waar ek die Finansiële Direkteur ondersteun met alle aktuariële verslagdoening oor die groep aan die mark en aan reguleerders.

Vorige ondervinding as lid van ’n SBL of ander bestuursliggaam
Prior experience as member of SGB or other governing body

Ek was tot einde 2020 die Beheerliggaamvoorsitter by Laerskool De Tyger, waar ek die vorige 12 jaar op die beheerliggaam gedien het. Deur hierdie periode was ek betrokke by verskeie komitees, onder andere:

- Dagbestuur (met gedelegeerde magte vanaf die SBL om dringende omkeerbare besluite namens die SBL te bespoedig)
- Dissiplinêre komitee (hantering van dissiplinêre sake van leerders of SBL personeel)
- Finansiële komitee (begrotings en finansiële beplanning, oorsig oor finansiële bestuur, finansiële beleid en sterkte van kontroles, finaliseer van state, ens.)
- Personeelkomitee (onderhoud- en aanstellingskomitees, strategiese aanpassings in personeelkorps oor tyd in lig van veranderende behoeftes)
- Akademiese komitee (oorweging van uitbreidings of inkortings tot die kurrikulum wat aangebied word, beheerliggaam-insette in skoolverbeteringsplan)
- Verskeie ad-hoc komitees (kleredragtenders, nasorguitbreiding, reëlingskomitee vir Pa-kind oorslaap, ens.)

Doelwitte vir die 3 jaar as lid van die SBL
Goals for the next 3 years as member of the SGB

As aktuaris is ek van nature toekomsgerig. 'n Spanbenadering, deur saam te besin oor wat ons wil bereik, beplan hoe om dit te verwesenlik, en daarna daardie plan te kommunikeer en met ywer uit te voer, is 'n werkswyse wat ek sal najaag.
Ek wil ook belê in die SBL se effektiewe funksionering en die interaksie tussen skool en SBL. Vorige ervaring het my geleer die belangrikste is om praktiese, toekomsgerigte stelsels in plek te kry sodat elke SBL-lid se vaardighede oor hulle termyn vasgevang kan word in prosesse wat ook sukses kan bring na afloop van hulle termyn.
Laastens, geen skool kan beter wees as die skoolhoof nie. Alhoewel 'n SBL in privaat moeilike gesprekke met 'n hoof kan en moet hê, is dit uiters belangrik dat hulle in die openbaar die skoolhoof moet beskerm en ondersteun en sy hande moet sterk vir die moeilike taak wat hy verrig.

Kort CV / Short CV

Ek's 'n gekwalifiseerde aktuaris (B.Com Aktuariële en Honneursgrade verwerf, daarna internasionale eksamens vir toelating tot *Fellow van die Institute of Actuaries* in Brittanje; tans lid van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika). Ek het ook 'n regsgraad (LLB) bygevoeg in 2006.
Gesin
Ek het 'n wonderlike vrou (Elizbe), wat al vir jare by HS Tygerberg se gebedsgroep betrokke is, asook 3 kinders.
My oudste (Cara) was 'n matrikulant in 2020 en is steeds 'n trotse Tier.
My seun (Niel) is 'n graad 9-Tier vanjaar.
My jongste (Annalise) is tans 'n graad-3 by Paarlskool.

Watter portefeulje sou u graag op die SBL wou vul en waarom?
Which portfolio on the SGB would you prefer and why?

Enige portefeulje wat aan my toegewys word.
My vaardighede sal waarskynlik die beste benut kon word in Finansies of Dissiplinêre komitees.

Enige boodskap aan die kiesers?
Any message to the voters?

Ek en my vrou is passievol om baie direk by ons kinders se opvoeding en skole betrokke te wees en 'n positiewe verskil daar te maak. Ons dra daar nie net die belange van ons eie kinders nie, maar die van elke ouer wat ook so voel oor hulle kinders.
Uit my ervaring in vorige skoolbeheerliggame asook my interaksie met die Old Mutual-direksie glo ek ek het ook 'n bydrae om te lewer tot die verbetering van die funksionering van beheerstrukture sodat dit goed-funksionerende bestuur kan fasiliteer.